

# Romeine

*Riglyne vir 'n lewensveranderende reis deur  
Paulus se bekendste boek*

**Dr J de Koning**

# HOOFSTUK 1

## Die brief wat jý *moet* lees!

---

My eie reis deur Romeine kom 'n lang pad. As jong student op Stellenbosch het ek deur toedoen van my broer 'n "bekering" tot die ou gereformeerde waarhede beleef. Dié ervaring het my tot binne in Dr. Martyn Lloyd –Jones se *Romans* boeke gelanseer.

Ek sou nooit weer dieselfde dink oor die evangelie nie.

Lloyd –Jones se *Romans* volumes, wat maar niks anders was as preke nie, kon ek net eenvoudig nie neersit nie. Rooi oë en hoofpyn kon my nie keer nie. Ek was "verlief" op Romeine.

My reis het egter net begin. By die Engelse kerk wat ek op Universiteit bywoon, kry ek te doen met die Romeine studiemateriaal van *St Helens Church* in *Bishopgate*, Engeland. Hierdie ouens se noukeurige hantering van die teks het my gedwing op Paulus se argument met pynlike noulettendheid te bestudeer.

Tydens my nagraadse studie het ek weer met N.T. Wright te doen gekry. Wright het my perspektiewe oor Romeine en veral

oor die agtergrond van Paulus se denke, tot nuwe hoogtes gevoer.

In hierdie riglyn in jou hand gaan jy ietsie van al hierdie skrywers proe. My gebed is dat jy ook "verlief" gaan raak op Romeine, meer nog, op die evangelie van Jesus Christus.

Die brief aan die Romeine is inderdaad 'n unieke en manjifieke werk. Niemand kan dit betwyfel nie. Aangesien dit die enigste brief is aan 'n gemeente waar Paulus nooit self was nie, het ons hier 'n volledige uiteensetting van die evangelie. Dit is hierdie evangelie wat ook in al die ander gemeentes soos Korinte, Efese en ander, gepreek is.

Hierdie boek was instrumenteel in die bekering van *Augustinus*, die bekende en invloedryke Kerkvader. Dit het *Martin Luther* vir altyd omgekeer en het daarom indirek tot die 16de eeuse *Reformasie* bygedra. Die bekende Bybel vertaler, Tyndale, het Romeine die "*principal and most excellent part of the New Testament*" genoem. En so kan ons aangaan ...

Die belangrikste is egter dat hierdie boek *jou* lewe vir altyd kan omkeer!

## ***h* Waaraan kan hierdie geweldige effek toegeskryf word?**

Baie antwoorde kan gegee word. Drie van die belangrikste word hier gegee:

- Romeine is eerstens 'n kragtige boek omdat dit 'n *Goddelike oorsprong* het. Dit is geskryf onder die invloed van God se Gees, deur 'n man wat uniek voorberei en deur God geroep is (sien Rom. 1:1,5. ook 15:17-19; Hand. 9; Gal. 1:11).
- Romeine is 'n kragtige boek as gevolg van sy *inhoud*. Dit is ten diepste 'n boek van die "evangelie van God aangaande Sy seun" (Rom. 1:1-3) En die evangelie is die kragtige manier waarop God die verhouding met Homself herstel (1:16).
- Romeine is 'n kragtige boek omdat dit ons *ware behoeftes* aanspreek. Daar is baie filosofieë wat met sogenaamde ervaarde behoeftes handel, maar in tye van krisis laat dit ons in die steek. Die boodskap van Romeine gee ons 'n toekoms en daarom die een ding wat die wêreld nie het nie: **HOOP!** (5:3-5; 8:28-39).

## ***h* Wie, wanneer en waar?**

Die Pauliniese outeurskap van Romeine is deur beide eksterne en interne bewyse onteenseglik bewys. Volgens hoofstuk. 16:22 het *Tertius* Paulus se woorde neergeskryf. 'n Vergelyking tussen Romeine 15:19-28 en Handeling 20:21 dui waarskynlik op die feit dat die brief vanaf Korinte, ongeveer 56/57 n.C. geskryf is, terwyl Paulus op pad was na Jerusalem.

Die Korintiese oorsprong verklaar die verwysings na : Febe in Kenchree (16:1,2) Kenchree was Korinte se oostelike hawe. Dit verklaar ook die verwysing na Gaius (16:23). Gaan lees maar 1 Korintiërs 1:14. Ook die verwysing na Erastus (16:23) word deur die Korintiese oorsprong verklaar. In die die verband kan jy vinnig kyk na Handeling 19:22 en 2 Timoteus 4:20.

Die oorsprong van die gemeente in Rome is onbekend. Waarskynlik het dit deur doodgewone Christene tot stand gekom. Dit lyk asof dit 'n sterk gemeente was, bestaande uit beide Joodse en Heidense Christene.

Baie is geskryf omtrent die inhoud van Romeine en die doel waarvoor Paulus geskryf het. Meestal is hierdie opinies gegrond op eksterne feite.

Die beste oplossing vir hierdie vraagstukke, is om *na die inhoud van die brief self te kyk*.

'n Deeglike studie van die inleiding (1:1-17) en die slot (15:14-16:27) is daarom van kardinale belang.

Jy kan sommer self vasstel wat die **doel van die brief** is as jy die volgende vrae aan die hand van die inleiding en slot beantwoord:

- Waarom wil Paulus die Romeinse kerk besoek?
- Wat is Paulus se houding teenoor die evangelie? Hoekom?
- Wat is die geestelike toestand van die Romeinse kerk?
- Wat is jou konklusie omtrent die doel van die brief?

As jou konklusie iets in die lyn van die volgende is, het jy die doel van die brief raakgesien:

*Paulus skryf hierdie boek om sy lesers, wat reeds gelowiges is, te versterk en te bemoedig deur die evangelie*

---

## ***h Wat gaan jy kry in hierdie riglyn in jou hand?***

Jy moet verstaan dat hierdie nie 'n kommentaar op Romeine is nie. Die boekie is veels te dun daarvoor! Dit is ook nie 'n gids met preke nie. Nog minder 'n blote "devotional" wat jy gou in die aand kan lees as jy te moeg is om in jou Bybel te lees nie.

Wat jy in jou hand het is bloot 'n stuk gereedskap wat jou gaan help om Romeine oop te breek op die manier waarop die Heilige Gees dit deur die skrywe van Paulus bedoel het. Dit gaan jou help om te verstaan hoe die boek in mekaar steek. Alle gedeeltes gaan ook nie ewe veel aandag kry nie. Só byvoorbeeld gaan hoofstuk 6 bietjie meer vleis om die been hê, bloot omrede hierdie skrywer voel hoofstuk 6 is van sulke deurslaggewende belang dat dit die moeite werd is om so klein bietjie langer daarby stil te staan. Hoofstuk 12 tot 16 word weer bietjie "afgeskeep", nie omrede dit nie belangrik is nie, maar omrede jy self redelik goed sin hieruit behoort te kan maak sonder veel hulp.

Ek hoop jy gaan Romeine na dese nooit weer oorslaan in jou stiltetyd nie, meer nog: Ek hoop jy gaan Romeine dink, leef en sing!

# Hoofstuk 2

## Romeine en die groter prentjie

---

Wanneer jy Romeine wil verstaan moet jy werk met die agtergrond waarmee Paulus gewerk het. Jy moet in die eerste plek verstaan wíe die God is waarvan Genesis 1:1 praat wanneer ons lees: *In die begin het God ...* Jy sien dit is die evangelie van hierdie God waaroor Paulus geskryf het as Christen, maar ook as Jood wat met die Ou Testament as agtergrond gewerk het.

Blaai gou na hoofstuk 2:4. Hierdie vers is 'n sleutel tot die verstaan van hoe ons met die eerste drie hoofstukke van Genesis moet omgaan.

*Dit is dan die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskep is. Toe die Here God die aarde en die hemel gemaak het...*

---

Insiggewend! In die Hebreeuse taal het ons hier te make met twee name. JAHWE (Here) en ELOHIM(God).

Ek weet name is vir ons nie so betekenisvol nie, maar vir die mense van die Ou Testamentiese bedeling was name geweldig betekenisvol! Dit het iets gesê van wie die persoon was.



Wie was JAHWE? Wel, dit was die naam waarmee God Homself bekend gemaak het aan Moses by die brandende bos in Eksodus hoofstuk 3.

Die naam JAHWE beteken "Ek is wat Ek is..." (vgl. Eks. 3:14-15). Dit is die naam van die God wat Israel verlos het uit Egipte, die naam van die God wat met Abram 'n verbond gesluit het. Die Verbondsgod van Israel. Die God wat in 'n verhouding met die volk Israel gestaan het. In hierdie verhouding het God die inisiatief geneem om hulle God te wees en hulle moes Sy volk wees.

Ons kan dit baie eenvoudig stel: JAHWE was Israel se *Verlosser*.

Hoekom is dit alles belangrik? Wel, dit raak uiters belangrik as daar ingedagte gehou word dat ELOHIM, die naam was van die God wat die wêreldskepper was, ook volgens Israel se bure.

So wat probeer die skrywer sê in Genesis 2:4 Hy wil hard en duidelik sê: *Israel se Verlosser, Israel se Verbondsgod is die Skepper van die wêreld!*

Die verhouding wat God met Adam en Eva gehad het was ook niks anders as 'n verbondverhouding nie. God sou hulle God wees (soos gesien in alles wat Hy vir hulle gee en doen) en hulle moes Sy mense wees (soos gesien uit die feit dat hulle moes vermeerder, die aarde moes vul en onderwerp en nie van

die boom in die middel van die tuin mag eet nie).

Ons weet hierdie verbond is verbreek deur die sondeval. Maar God begin weer nuut met die man Abraham. Gaan lees Genesis 12. Waarmee is God besig? Hy het Sy fokus nou "ingezoom" op Abraham. Beteken dit nou dat Hy opgegee het wat betref die res van die mensdom?

Die eerste drie verse van Genesis 12 het aan Abraham uitgespel wat God beplan het om deur hom te doen - en daardie plan laat jou denke duisel.

God beloof (1) om Abraham tot groot nasie te maak, (2) te seën, (3) sy naam groot te maak (4) om hom 'n seën te maak, (5) om te seën die wat hom seën en te vloek (te veroordeel) die wat hom vloek (veroordeel) en (6) om alle mense op aarde deur hom te seën

Deur Abraham sal " *al die volke op aarde geseen word.*" Hierdie finale frase in Genesis 12:3 wys op die uiteindelijke resultate van God se kies van Abraham...

God vernou Sy verlossende fokus tot een man, een nasie. *Maar* Sy uiteindelik doel is om verlossende seën vir die hele skepping te bring.

God se belofte aan Abraham is God se antwoord op sonde wat die hele wêreld besoedel het: GOD SAL SY WÊRELD HERSTEL.

Wat ons moet raaksien is hoe Genesis 12:1-3 alles herstel wat in Genesis 1-2 verkeerd gegaan het. Ons moet 'n nuwe begin hier sien.

Die belofte aan Abraham vernuwe die visie vir die mensdom wat gegee is in Genesis 1 en 2. Hy, soos Noag voor hom, is 'n tweede Adam figuur.

- Ø Aan Adam is die tuin van Eden gegee.
- ü Aan Abraham word die land Kanaän beloof.
- Ø God sê aan Adam om vrugbaar te wees en te vermeerder:
- ü Aan Abraham word beloof dat Sy nakomelinge so baie sal wees soos die sterre aan die hemel.
- Ø God het met Adam gewandel in Eden.
- ü Aan Abraham word gesê om voor God te wandel (Gen. 17:1 O.A.V.).

Sien jy hoe Abraham se roeping die antwoord is op die probleem van Genesis 1-11? Deur hom sal al die nasies van die aarde geseën word.

## ***h Wat het dit nou alles met Romeine te make?***

Wel, alles! Onthou die Jode het binne hierdie verstaanraamwerk wat nou uitgelig is, geleef. Hulle was bewus dat hulle, as die nageslag van Abraham, op die een of ander wyse die herstel van die wêreld gaan bewerk.

Hulle was egter vas oortuig dat jy deel het aan hierdie I srael, deur wie God die herstel gaan bring as jy die "die werke van die wet" gaan onderhou. Dit beteken deur die besit van die *Tora* (die wet of dan die hele Ou Verbond) met alles wat dit behels en deur al die voorskrifte en *taboos* en feeste te onderhou, is en word jy deel van Abraham se nageslag, die mense wat die wêreld se herstel op een of ander wyse sal bewerk.

Hulle het hulleself egter gesien as tans in ballingskap en verwag dat God 'n finale bevryding gaan bring waarin hulle die rol gaan speel as herstellers van wêreld.

En nou baie belangrik: God se getrouheid aan Sy verbond was op die spel. God kan nie Sy verbond, Sy beloftes aan Abraham en I srael verbreek nie. En onthou: I srael se God is ook die Skepper van die wêreld!

Wat Paulus nou in Romeine doen, is om te wys dat God getrou is aan Sy verbond. God handhaaf Sy geregtigheid. Maar hy gaan wys dat God nie meer fisiese I srael gebruik om die

wêreld te herstel en die verbond te bevestig nie, *maar Jesus* as die verteenwoordiger van Israel.

En dan is die skokkende verder: Jy het deel aan hierdie "Israel" (Jesus) nie deur die "werke van die wet (*Tora*)" nie, maar deur die geloof in Hom wat gedoen het wat Israel nie kon doen nie, deur Sy dood en opstanding.

In en deur Jesus het die finale uittog of verlossing uit ballingskap aangebreek en kan die land (nuwe aarde, wêreld) verkry word. En deur hierdie werk van Jesus word die Gees gegee in die plek van die *Tora* om die lewe te leef wat God behaag. Dit is nou deur die Gees wat ons weer in 'n verbondsverhouding met God kan leef, soos voor die sondeval en meer as dit!

# HOOFSTUK 3

## Romeine 1:1-17

---

### ***h Paulus en die Evangelie 1:1-7***

Hierdie gedeelte bevestig twee belangrike feite:

- n** Eerstens die aard van Paulus se bediening: Hy is 'n man "afgesonder tot die evangelie" (vers 1) om "geloofsgehoorsaamheid" (die letterlike vertaling) onder die heidene te verkry" (vers 5). Hierdie term onderstreep natuurlik dat geloof en gehoorsaamheid onlosmaaklik aan mekaar verbind is.
- n** Tweedens die aard van die evangelie: Dit is vooraf beloof in die Ou Testament en fokus op Jesus, die Seun van God en die Seun van Dawid, (d.w.s. Sy Godheid en mensheid), Sy dood en opstanding. In vers 3 word dit duidelik dat die evangelie handel oor Jesus, Israel se verteenwoordiger "na die vlees" (O.A.V) "as mens" (N.A.V). Jesus kom doen in die plek van Israel, en vir die wêreld, dit wat Israel nie kon doen nie. Let op: Dit is God se evangelie! Ons kan nie besluit wat dit is en hoe ons dit gaan verander en aanpas nie. Dit is ook belangrik om te sien dat die evangelie alles te make het met wat God in Jesus gedoen het. Dinge soos

geloof, bekering en heiligmaking is nie die evangelie nie, dit is die antwoord, of reaksie op die evangelie!

## ***h Paulus en Rome: 1:8-15***

In hierdie gedeelte leer ons van Paulus se houding teenoor die Romeinse Christene en die doel van sy besoek aan hulle. Die gedeelte gee ons dus 'n belangrike leidraad i.v.m. die doel van die brief.

Die woord "versterk" (vers 11) is belangrik. Die versterking van Christene het 'n sleutelrol in Paulus se apostoliese werk gespeel en was van kardinale belang vir sy program van wêreldewangelisasie. (Sien Hand. 18:23, 1Tess. 3:2)

## ***h Paulus se evangelie 1:16,17***

Hierdie gedeelte gee ons die tema van die brief. Die versoeking om skaam te wees vir die evangelie en daarom nie bereid te wees om daarvoor te ly of dit te preek nie, is baie realisties. Maar die grootsheid van die evangelie moet alle skaamte vernietig.

Die grootsheid van die evangelie word gesien in:

*-Die krag van die evangelie om lewe te gee 16a, 17*

*-Die reikwydte van die evangelie (vers 16b)*

Die rede waarom die evangelie die krag van God is, is juis geleë in die feit dat dit die “geregtigheid van God” openbaar (O.A.V.). Die 1983 se vertaling is hier reeds 'n interpretasie wat dalk te skraal is.

Die groter prentjie agter die “geregtigheid van God” is *Sy getrouheid aan die verbond* met Abraham Isak en Jakob. Hierdie groot plan van God is natuurlik dwaasheid vir die wêreld, aangesien Abraham die rol van Adam oorgeneem het! Dit is dan juis deur hierdie plan wat God ook die verhouding met die wêreld wil herstel. Die reikwydte is daarom die wêreld!

Die geregtigheid van God behels natuurlik op 'n tweede vlak dat Hy mense vryspreek (N.A.V.) Anders gestel dat Hy mense in die regte verbondsverhouding met Hom stel.

Die eerste gedeelte van Romeine gee dus die pas aan vir die uitleg van hierdie evangelie en sy toepassing op die hele lewe. Dit sê vir ons dat die brief bedoel is om die kerk te versterk en te motiveer vir Wêrelddevangelisasie. Hierdie krag en motivering kom voort uit die kragtige evangelie van God se genade wat gefokus is in die dood van Sy seun vir die lewe van die wêreld. Op hierdie wyse word beide skaamte en roem uitgeskakel.



## ***h 'n Handige sleutel tot die boek***

Die hele boek Romeine kan aan die hand van vers 17 ingedeel word. Vers 17 sou met reg so vertaal kon word.

***Die regverdige deur die geloof, sal lewe.***

---

Die eerste 4 hoofstukke beskryf dan hierdie *regverdiging* deur die *geloof* en die laaste 5 fokus meer op die *lewe* wat die evangelie bring.

# HOOFSTUK 4

## Geregtigheid deur geloof alleen 1:18-4:22

---

Die gedeelte begin met Hoofstuk 1:18-3:20 en bevestig die universele skuld van die wêreld en daarom die absolute onmoontlikheid van enige “werke geregtigheid.”

Die afwaartse spiraal vanaf 1:18 – 1:32 herinner ons aan die feit dat dit wat ons rondom ons sien (al die immoraliteit en afgodsdienste in alle vorme) nie ’n teken is dat God afwesig is nie, maar juis dat Hy leef en Sy Woord waar maak!

Daniël 4:28- 37 is ’n pragtige parallel van dit wat hier beskryf word! Die mens wat God verwerp se denke word verduister en hy word self soos ’n dier!

Dit is belangrik om te sien dat wat Paulus hier doen is om die standaard Joodse kritiek op die heidene (afgodsdienste en immoraliteit) te herhaal, meer intens te maak en in Israel se hande te plaas! ( 1:18-2:16; 2:17-29).

Die punt is dus: Nie alleen is die heidene afgod dienaars en immoreel nie, maar ook die mense wat veronderstel is om dinge in die wêreld “reg te maak” is self van die pad af! En dit

sluit ook al die “Christelike” mense rondom ons, met hulle bevoorregte posisie, in - as hulle nog nie in Christus is nie ...

Belangrik ook: Paulus wys dat almal (Jode en heidene 2:14-16) eintlik “wet” het. Maar almal breek dit!

As ons hoofstuk 3:9- 18 lees sien ons hoe lyk iemand wat nie meer die heerlikheid van God het nie (3:23). Anders gestel; hoe lyk iemand wat nie meer die beeld van God reflekteer nie.

Hoofstuk 3:19,20 vorm 'n goeie opsomming vir hierdie argument.

*Dit weet ons: alles wat Moses se wet sê, sê hy vir dié wat die wet het. Niemand sal hom dus kan verweer nie, en die hele wêreld is strafwaardig voor God. Daarom sal geen mens op grond van wetsonderhouding deur God vrygespreek word nie; intendeel, deur die wet leer 'n mens wat sonde is.*

---

Dit is daarom belangrik dat ons nie enige uitsprake in hoofstuk 2 sal sien as sou dit leer dat mens gered kan word deur sekere dinge te *doen* nie (2:5-10).

In hoofstuk 3:21-22 maak Paulus dit duidelik dat hierdie verlossing plaasvind *sonder die wet*, maar dat die wet en profete *daarvan getuig*. Kyk, as God iemand regverdiglik wil

regverdig (in die regte verhouding met Hom wil plaas) dan moet dit konsekwent wees met die wet (ou verbond) wat getuig dat Hy sonde sal straf (Eks. 23:7). Dit beteken dat as God almal wil regverdig, kan dit nie deur die wet wees nie. Ons het reeds gesien almal het die wet, in die sin dat hulle weet wat reg is (2:12-3:8), maar niemand kan regverdig word deur hierdie wet nie *want almal breek dit* (3:9-20).

**Baie belangrik:** Dit is nie net 'n vraag of God enige iemand kan regverdig verklaar (vryspreek) sonder om die Ou Testament te weerspreek nie. Nee, om konsekwent te wees met die Ou Testament moet Hy sommige regverdig. Beide wet (Gen. 15:6) en die profete (Hab. 2:4) getuig dat sommige sondaars geregverdig word – en dat dit deur geloof sou wees (vers 22).

Die Ou Testament kon egter nie wys hoe dit *regverdiglik* gedoen kon word nie.

Die hart van hierdie gedeelte is dus 3:21-30. Mense word *regverdiglik regverdig verklaar voor God*. Weereens dit gaan hier oor meer as vryspraak!

Hoe kan God dit doen? Hy doen dit op die basis van die toorn-verwyderende dood van Sy seun. Sy seun wat kom doen wat I srael en ons nie kan/kon doen nie. I srael kon nie in die regte verbondsverhouding met God leef nie!

Jesus leef in die plek van Israel en in ons plek in die regte verbondsverhouding met God en met die mense rondom Hom. Hy het God lief met alles en Sy naaste lief met alles.

Israel se sonde en verbondsverbreking en ons, my en jou sonde en verbondsverbreking, word op Jesus gelaai. God straf Hom met die dood daarvoor. Sy bloed vloei as bewys dat Sy lewe gegee word. En ons ontvang Jesus se regte verbondsverhouding met God. Sy lewe van liefde.

Let wel: Die voordele van hierdie dood, d.w.s. *geregtigheid wat lei tot lewe, kom na ons deur geloof.*

Op hierdie wyse word God se regverdige karakter en Sy gawe van geregtigheid aan die sondaar wat glo, met mekaar versoen.

Anders gestel: As gevolg van God se getrouheid aan Sy verbond, wat gesien word in die feit dat Jesus, God die Seun, in Israel se plek en ons plek getrou was aan die verbond en die straf vir ons verbond ontrouheid gedra het, kan ons nou deur die geloof in Jesus voor God staan as getroue verbond onderhouers.

Alle roem word uitgesluit (vers 27), en God se reddende doelwitte vir die wêreld word bevestig.

In die verlede het God, die God van die verbond, sy mense op grond van verbond beloftes bevry in die Eksodus. Paulus sinspeel hierop wanneer hy daarop wys dat mense as getroue verbond onderhouers gereken word) geregverdig (vrygespreek) word op grond van die "*verlossing* " wat daar in Christus Jesus is (vers 24). Hierdie woord word gewoonlik gebruik vir die loskoop van iemand uit slawearbeid. Dit is wat Israel was in Egipte. God het hulle in die Eksodus hieruit bevry.

Hoofstuk 3:31-4:25 wys dat hierdie weg van geregtigheid inderdaad nie iets nuuts is nie, maar volkome in lyn met die Ou Testament. (sien 1:2, 3:21, 3:31).

Dit is dit is miskien nodig om net gou seker te maak dat ons vers 31 se uitspraak binne die konteks verstaan. Sommige meen dat vers 31 beteken dat die wet van Moses (die *Tora*) nog net so in plek is en gebruik moet word as ons riglyn vir heiligmaking.

Wat leer vers 31 werklik?

Paulus kom in vers 27 tot die konklusie dat alle roem uitgesluit is (eens-en-vir-altyd). Indien 3:9-26 waar is, het ons geen verdediging in die oordeel nie en kan ons op geen verdienste staatmaak in ons vrypraak nie. Dit bring ons

dadelik by die moeilike frase: "die wet van geloof" vers 27 (O.A.V.).

Die vraag is nou of Paulus hier met woorde speel in die sin dat die betekenis van hierdie frase iets soos "beginsel van geloof", "godsdiensstige sisteem van geloof" of "orde van geloof" beteken.

Paulus, in antwoord op die vraag "na watter soort wet?" tref 'n onderskeid tussen die "wet *gekenmerk* deur werke" en die "wet *gekenmerk* deur geloof." Die "wet van die geloof" verwys na die wet gekenmerk deur die geloof.

Die argument sal dan logies verder só daar uitsien:

Indien wetlike regverdiging deur werke plaasvind, kon die geregverdiges, soos Abraham, roem. (vgl. 4:1). Maar, aangesien ons "aanneem" dat mense onder die wet sowel as onder die evangelie voor God geregverdig is deur die *geloof* en *nie deur die werke nie* (vers 28), is daar geen plek om te roem in ons eie godsdiens, ras of relatiewe geregtigheid nie (vgl. 2:17,23; Eseg. 16:63).

Vanaf vers 29 verduidelik Paulus *wat* dit is wat ons "aanneem" en *wat* dit is wat roem uitsluit. *Die sentrale feit van 3:27-31 is dat God die God van Jode sowel as heidene is.* Onthou Hy is die skepper van die wêreld!

Dit is natuurlik gegrond op die basiese feit wat deur die *Tora* bevestig word. Onthou altyd dat wanneer jy in jou Bybel "wet" lees, verwys dit na die *Tora*, die eerste 5 boeke, of dan die die hele Ou Verbond sisteem, met al die insetting en bepalinge wat aan die volk gegee is. Nie net die 10 gebooie nie!

So wat bevestig hierdie *Tora* (wet)? Wel, dat daar net een God van die hele wêreld is (vers 30 vgl Deut 6:4) wat alle nasies sal regverdig. Die beloftes wat aan Abraham gemaak is (in die eerste 5 boeke) omtrent die seën van die nasies, bevestig dit (vgl. ook Jes 49:6).

Dit is dus *die "wet van werke" wat die Tora in daardie sin (die feit dat dit bevestig dat daar net een God van die hele wêreld is) sal tot niet maak.*

Hoe werk dit? Indien regverdiging deur werke is, sou die hele mensdom verdoem word en die *Tora* se belofte van verlossing vir alle nasies sou leeg wees. So 'n verstaan maak dan ook sin indien daar in ag geneem word dat Paulus ten diepste die Joodse beswaar dat hy die wet ongeldig maak, wil beantwoord.

*Ten diepste sê Paulus dus dat die wet net tot niet gemaak word indien dit gesien word as 'n "wet van werke."!*

Wanneer dit geneem word as 'n "wet van geloof" en daarom as iets wat ook van die heidene praat, word dit bevestig in die lering omtrent regverdigmaking!



Die lering van regverdigmaking bevestig dus die wet (die eerste 5 boeke of *Tora*). Hoekom? Want die geloof wat nou in die leer van regverdigmaking na vore kom en bevestig word, is reeds deur die *Tora* geleer. Die *Tora* het reeds hiervan gepraat en vooruitgewys daarna. Paulus wil hê sy lesers moet dit begryp.

Die Jode van Paulus se tyd het vergeet dat die wet van hierdie geloof praat, en het die wet net gesien as die sisteem wat sekere werke (al die dinge wat jou kenmerk as behorende tot die volk) beklemtoon.

Vanaf hoofstuk 4:1 neem Paulus nou Abraham, die vader van Israel en die Vader van gelowiges as voorbeeld van hoe hierdie geloof wat regverdig (jou in die regte verhouding met God plaas), lyk.

Abraham is nie sommer toevallig gekies nie. Onthou: Die verbondsbelofte was dat Abraham en sy saad (nageslag) geseën sal word (Gen. 12:1-13; 15:13-16; 17:4-8; 22:17-18).

Vers 5 is hier van deurslaggewende belang. Die woord Goddeloos en regverdig staan langs mekaar! Dit is 'n skok, want wat sê God in Eksodus 23:7?

*Ek, die Here, vind nie 'n skuldige onskuldig nie.*

---

Belangrik: God regverdig goddeloses en net goddeloses. Hoe is dit moontlik? Natuurlik as gevolg van dit wat ons in 3:21- 31

gesien het. Hy kan dit doen omrede Jesus in ons plek die lewe van 'n getroue bondgenoot geleef het en die straf vir ons ontrouheid gedra het en ons deur geloof voor God kan staan met Sy getrouheid.

Paulus versterk sy argument om ook Dawid in te trek as iemand wat getuig het dat God regverdig sonder wetsonderhouding (4:6-8).

In 4:9-12 wys Paulus baie duidelik dat Abraham se tipe geloof op almal van toepassing is, of jy besny is of nie.

In 4:13-17a wys Paulus dat Abraham se tipe geloof op almal van toepassing is, of hulle die wet het of nie.

In 4:17b-25 beklemtoon Paulus nog duideliker dat ons deur dieselfde geloof as Abraham geregverdig word en ons leer meer oor hierdie geloof.

'n Vergelyking tussen 4:17 en 4:24 bring die volgende interessante ooreenkoms aan die lig:

4:17 Abraham het geglo in 'n God wat...	4:23-24 Christene glo in God wat...
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Lewe gee aan dooies</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Jesus uit die dood opgewek het</li> </ul>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan (skepping &amp; Israël tot volk)</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onregverdiges regverdig verklaar</li> </ul>

In 4:18-22 beskryf Paulus hierdie geloof waardeur ons geregverdig word nog verder:

- Hierdie geloof *erken die mens se magteloosheid*. Toe Abraham en Sara 'n kind belowe is in Genesis 15, was beide alreeds baie oud. Abraham was 100! Sara was nog altyd onvrugbaar (vers 19). Vir hulle het geloof beteken om te vertrou al was daar menslik gesproke geen hoop nie. In vers 19 gebruik Paulus in die Grieks twee keer die woord "dood" (nie net gedaan!). Ons is net so "dood" in die lig van die oordeel van God oor sonde.
- Hierdie geloof is geloof wat *ten spyte van omstandighede* verwag dat God Sy belofte van lewe gaan vervul (vers 20). Hierdie geloof verheerlik God en is ten volle oortuig, as rasionele oortuiging en nie as irrasionele gevoel nie (vers 21), dat God die soort God is wat beide gewillig en in staat is om Sy belofte te hou. Die grond vir ons oortuiging dat God dit kan doen is die feit dat Hy "Jesus uit die dood opgewek het".

Interessant: Ons en Abraham vertrou ten diepste dieselfde belofte aangesien ons die nageslag van Abraham is deur die geloof in God wat die goddelose regverdig verklaar.

# HOOFSTUK 5

## Die lewe wat die evangelie bring 5:1-8:39

---

Hierdie lewe wat die evangelie bring is eerstens daarin geleë dat daar nou vrede *is*, tussen ons en God. Hier gaan dit nie oor 'n subjektiewe gevoel van vrede nie. Nee, ons is nie meer onder die oordeel van hoofstuk 1:18 nie, en dit as gevolg van Jesus Christus. Geen prestasie van ons kant het hierdie posisie bewerk nie!

Let op. Ons het *vrye toegang* tot God. Dit is iets wat nie waar was onder die wetsbedeling nie! Let ook op dat ons in hierdie genade *staan!* Ons kan dus met vrymoedigheid voor God verskyn!

Hierdie lewe word gekenmerk deur blydskap! Ons het 'n vaste hoop op heerlijkheid wat kom! (5:2). Oor hierdie hoop se verwerkliging gaan Paulus weer in hoofstuk 8 praat.

Waarom kan ons roem in al die swaarkry? Omrede dit bewys ons het "*n Abraham geloof!*"

Die Heilige Gees word hier die eerste keer in die prentjie gebring en dit is belangrik!. Wat is die verband tussen die liefde wat die Heilige Gees in ons harte uitstort en vers 5 tot 11? Die Heilige Gees kom oortuig ons van hierdie liefde aan die wat die totaal teenoorgestelde verdien!

'n Mens kan amper sê dat Paulus hoofstuk 5-8 opsom in hoofstuk 5:1-11.

In 5:12-21 gee Paulus nou amper 'n voëlvlug oorsig oor die hele geskiedenis van die mensdom tot op die tyd waarin hy skryf. In hoofstuk 6-8 behandel hy dinge wat in hierdie "verhaal" na vore kom, soos sonde (hfst. 6) die wet (hfst. 7) die lewe en heerskappy van genade (hfst. 8)

Die groot punt in hoofstuk 5:12-21 is dat Jesus die rol van Adam oorgeneem het en dit wat deur Adam skeefgeloop het kom regstel het. Weereens, die Jode met die wet kon dit nie doen nie!

Almal, Jode en heidene is van geboorte "in Adam" en daarom onderworpe aan sonde en die dood. Net so "onregverdig" soos dit mag klink dat ons almal die gevolge dra van die sonde wat deur Adam ingekom het, net so "onregverdig" is dit dat ons deur een man, Jesus, vrygespreek word.

In vers 20 sien ons dat die wet (onthou on spraat van die hele Ou Verbondsbedeling) in God se groter plan die rol gehad het om sonde as't ware te laat meer word, duidelik te maak.

In Hoofstuk 6 antwoord Paulus nou vrae en temas wat voorvloei uit hoofstuk 5. "As genade al hoe oorvloediger word wanneer sonde meer word, kan ons dan maar in sonde lewe?" (6:1).

Kyk na Romeine 6:2: Paulus antwoord met 'n baie duidelike: "*Beslis nie!*"

Hy maak dit duidelik dat ons 'n totaal nuwe posisie het in Christus.

*"Hoe kan ons wat dood is vir die sonde, nog daarin voortlewe? en 6b. "sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie." En dan Romeine 6:11: "Julle moet dus altyd onthou dat ook julle vir die sonde dood is."*

---

Sien jy dit? Ons *was* slawe van sonde. Ons is dit nie meer nie. Ons is dood vir die sonde.

Hoe moet ons dit verstaan? Wie is die "ons" wat "ons" was? Wel, Paulus gebruik die term die *ou mens* (O.A.V.), of *ou sondige mens* (N.A.V.).

Die *ou mens*, verwys nie hier na een helfte van 'n gesplete persoonlikheid in ons, of net die materiële deel van ons teenoor die geestelike deel nie. Nee, dit is die hele *ons*, soos ons gebore word. Dit is die mens in **Adam**. Die mens waarvan hy praat in Romeine 5:12 en verder. Dit is die mens buite die nuwe lewe van God se Gees. Let wel: jy kan nie hierdie mens doodmaak nie. Hy is dood!

En hierdie *ou mens* waarvan Paulus praat met al sy ledemate, alles wat deel is van hom, soos sy tong, oë, ore, ensovoorts, was die troon van sonde. Sonde het daar geheers (Rom. 5:12). Begeertes was die manier waarop hy regeer het. Begeertes wat in sigself nie verkeerd was nie, en wonderlike diensknegte vir ons was, maar wat deur sonde gevange geneem word en ons dan beheer in diens van die sonde.

Wat Paulus in Romeine 6:12 sê is dat, in die lig van Romeine 6:11, ons dit nie meer moet toelaat dat hierdie begeertes ons beheer in diens van die sonde nie. Hoekom nie? Omrede hy nou net gesê "*ons is dood*," en in Romeine 6:6 ons is nie "*langer slawe nie*."

Die woord *slawe* sou natuurlik die lesers laat dink het aan die toestand van die volk in Egipte. Paulus kies dit waarskynlik doelbewus!

Maar goed. Daardie *ou mens* wat die troon van sonde was, het gesterf. Hoe? Wanneer? Toe Christus gesterf het, het

daardie ou mens gesterf (vers 6a). Gaan lees nou verse 7-10. Die punt wat Paulus in vers 7-10 wil maak is dit. Kyk na Jesus, kyk na wat met Hom gebeur het. Wat? Hy het gesterf vir sonde. Sonde vereis die dood. Jesus het gesterf. Sonde veroorsaak dat Hy sterf, natuurlik nie vir Sy sonde nie maar vir ons s'n. Die punt is Hy het sonde op Hom gehad en moet dus sterf. So, Hy is nou vry van die sonde.

Hoekom? Hy het klaar gesterf, daarom hoef Hy nie weer te sterf nie. Hy het opgestaan, en Hy leef nou vir God. Kyk, met sonde het Hy niks meer te make nie!

Nou sê Paulus: "Onthou presies dieselfde is waar van julle." (vgl. Vers 11). Hoe kan dit wees? Wel kyk na die Romeine 6:3-5. Dit wat by ons doop gebeur het is 'n afbeelding daarvan. Waarvan? Van die feit dat ons in Christus se dood ingeplant is. Inbeweeg het. Wat dus waar is van Hom is waar van ons.

Ons is dood vir sonde. Wat beteken dit? Ons is dood vir sonde in die sin dat ons (die mens wat ons in Adam *was*) in Christus was toe Hy gesterf het, toe Hy doodgemaak is vir sonde.

Maar ons het ook saam met Hom opgestaan. Hy staan op as Een wat nie meer kan sterf vir sonde nie. Want die straf vir sonde, die dood, is reeds gedra. Ons was in Hom. Maar ook in



Sy opstanding is ons een met Hom. 'n Nuwe mens het dus opgestaan. Een wat nie meer vir sonde kan sterf nie.

En daarom is ons klaar met sonde, dood vir sonde. Die mens wat opgestaan het is 'n nuwe mens. Dit is nie meer die mens wat hoef te sterf vir sonde nie. Hy het klaar gesterf! Sonde het niks meer met hierdie nuwe mens te maak nie. Dit het geen reg meer op hom nie. As sonde by wyse van spreke na die ou mens, die mens wat hy kon doodmaak, wat ons was, kyk, sien hy 'n lyk. Ons is dood vir sonde uit sonde se perspektief gesien, maar sonde is ook vir ons dood in die sin dat ons nou 'n nuwe mens is wat saam met Christus opgestaan het – vir ons bestaan sonde in daardie sin nie meer nie, net soos dit nie meer vir Jesus bestaan nie.

Hierdie is iets geweldig ook weereens in die groter heilshistoriese prentjie. “Opstanding” was die groot hoop van die Jode. Dit sou aan die einde van die geskiedenis gebeur en die wat so sou “opstaan” sou die eskatologiese (eindtyd) volk van God wees.

Nou kom Paulus en hy wys dit het *reeds plaasgevind* vir die wat in Jesus Christus glo en hulle laat doop het!

Wat óns nou betref, het sonde geen troon meer nie. Hy kan nie meer heers nie. Ons begeertes is nie meer sy diensknegte nie.

Kyk nou na Romeine 6:14:

*“Die sonde moet nie meer baas wees oor julle nie, want julle staan nie onder die wet van Moses nie, maar onder die genade”. (Lees dit verkieslik in die 1953 Afrikaanse vertaling of een van die ander letterlike Engelse vertalings.)*

---

In die Grieks staan daar eintlik: “Die wet *sal* nie oor julle heers nie”. Dit is insiggewend. Ons het gesien dat die sonde nie deur sy begeertes oor ons sal heers nie, want ons is “*dood vir die sonde*” (Rom. 6:2) en nie langer slawe van sonde nie (Rom. 6: 6b). En nou in Romeine 6:14 sien ons sonde sal nie oor ons heers nie, want ons is nie onder die wet nie. Dit beteken net een ding. Ons is ook dood vir die wet. Die mens in Adam (hoofstuk 5:12-21) wat ons was, is dood en so ook die mens onder die wet.

Die wet het dus niks meer met ons te make nie en ons het niks meer met die wet te make nie! Dit is waarna Paulus verwys in Galasiërs 2:19-20: “ *Maar wat my betref, deur die wet is ek vir die wet dood sodat ek vir God kan lewe: ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.*”

Ons het gesien dat die sonde deur begeertes heers. En hy stuur altyd sy begeertes om die nuwe troon aan te val, die nuwe troon wat nou die nuwe mens in Christus is. Die plek waar God heers.

Wat nou baie belangrik is, is die feit dat ons nie hierdie aanvalle kan afweer deur die wet nie.

Kyk net weer na Romeine 6:11:

*Julle moet dus altyd onthou dat ook julle vir die sonde dood is, maar vir God lewe, omdat julle een is met Christus Jesus (N.A.V.)*

*So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here (O.A.V.)*

---

Ons het hier te doen met 'n vrywillige denkproses, voor ons direk betrokke raak by die versoeking. En dit is belangrik. Let op twee dinge:

Dit is iets wat jy doen met jou rede en wil. Jy "reken" jy ag, iets om so te wees. Wat? wel dit wat in vers 10 gesê is:

*Hy het gesterwe en is eens en vir altyd vir die sonde dood. Nou lewe Hy, en Hy lewe vir God*

---

Let egter op dat die dood vir sonde en lewend wees vir God "in Christus" is. Paulus is hier besig met die objektiewe waarheid, met dit wat waar is buite jouself. Dit is nog nie iets in jou beleving nie. Paulus sê as't ware dat jy jou denke en hart in lyn met die objektiewe realiteit, naamlik dat Christus vir jou gesterf het, moet bring; dat jy met Hom gesterf het, verenig is met Hom, dat jy soos Hy nou 'n nuwe lewe vir God leef.

Dink oor jouself op hierdie manier. Gryp hierdie realiteit as die realiteit van hoe jy werklik is. Verwelkom en omhels dit as die kosbaarste ding wat daar is. Dit is jou nuwe identiteit!

En nou is jy reg vir direkte kontak met versoeking.

Wanneer sonde, sy begeertes stuur om jou te versoek om jou liggaamsdele as wapens van ongeregtigheid beskikbaar te stel, sê vir sonde: "Ek kies en ek verkies die Heerser wat nou op die Troon is. Dankie."

Jy sien, as dit kom by verandering, as dit kom by veg teen sonde, gaan dit nie oor: Sê net "nee" nie. "Jy moet net nee sê vir sonde man!" Dit is nie Christelik nie. Jy sê nie net, "nee" nie. Daar is ontsaglike waarhede wat begryp moet word voor jy "nee" sê.

Ja, natuurlik moet ons "nee" sê. Ja, ons moet kies om "nee" te sê vir hierdie begeertes, van wellus tot oorvreet.

Maar daar is soveel meer. Dit is gebaseer op wat God in Christus gedoen het, en wat met ons in Christus gebeur het, en wie ons nou in Christus is. En wie God daarom nou vir ons is.

Ons omhels dit alles as ons skat, en as gevolg daarvan sê ons "nee".

Daar is nog een ding wat ek moet beklemtoon. Ons het reeds gewys op die feit dat sonde ons aanval deur begeertes. Ons word opgeroep om ten diepste teen daardie begeertes te kies. Moenie dat sonde regeer nie. Moenie jou oë en tong beskikbaar stel en só daardie begeertes vervul nie. Moenie daardie begeertes kies nie.

Maar nou. Baie belangrik. Wat is hierdie "kies"? Dit is ten diepste 'n verkies. Om te kies is om een ding bo iets ander te verkies. Indien God verheerlik, opgelig wil word in ons "kies" teen sonde, moet dit wees omrede ons God en wat Hy is en vir ons gedoen het in Christus en belooft het - omrede ons dit verkies.

Om te kies is om een ding verkieslik bo iets anders te vind. Ons *kan* die geveg negatief beskryf. Sê "nee" vir die begeertes op grond van wat God vir jou gedoen het en wie jy in Christus is. Jy is dood vir sonde en sy begeertes. En hulle lyk nie meer verkieslik vir jou nie.

Óf jy kan die geveg positief beskryf. Wanneer sonde sy begeerte instuur om jou te versoek, verkies God en Sy werk en Sy weë en sy beloftes. Sien God as begeerlik bó die verbygaande, kortstondige plesiere van sonde. Onthou, jy is lewend vir God, soos Jesus is, en Hy lyk verkieslik, begeerlik bo enige iets anders.

As Satan jou aanval met misleidende begeertes, val aan met begeertes wat nie kortstondig is nie, wat jou nie in die steek sal laat nie, en wat tot ewige vreugde lei.

Met ander woorde, die geveg wat God verheerlik, die geveg om verandering, teen sonde, is gebaseer op ons nuwe identiteit as kinders van God. Dit is gebaseer op wat God vir ons in en saam met Christus gedoen het en dit word geveg deur die belewing van die doodwees vir sondige begeertes en die lewend wees vir nuwe begeertes, nuwe voorkeure, naamlik God en lewe vir Hom!

**In hoofstuk 7** kom wys Paulus wat die wet doen en kan doen en nie kan doen nie.

Eerstens wys Paulus deur 'n vergelyking met die huwelik dat ons nie "vrug kan dra" vir God terwyl ons nog in die huwelik met die wet is nie. Ons sou kon sê uit daardie huwelik kan nie gebore word dit wat God behaag nie. I srael kon nie vrug dra wat God behaag nie (Jes. 5 vergelyk dit met Joh. 15).

Wanneer ons egter getroud is met Christus wat uit die dood opgewek (vers 4) kan ons deur die Gees (vers 6) die vrug dra wat God van ons verwag.

Vanaf vers 7-12 wys Paulus eintlik wat met Israel gebeur het toe die wet (*Tora*) gekom het. Daarom word die verlede tyd hier gebruik.

Vanaf vers 13-20 wys Paulus hoe lyk iemand en Israel wat nog steeds onder die wet lewe (daarom gebruik hy die teenswoordige tyd).

In beide afdelings kry ons 'n verdere verduideliking van 5:20!

In vers 7-12 wys Paulus dat met Israel gebeur het wat met Adam gebeur, toe die wet kom!. Of dan wat gebeur met ons as ons in aanraking met die wet kom.

Dit is belangrik om te sien is dat die wet nie sleg is nie. Die wet maak net die sonde (wat sleg is) duidelik, bring dit na vore en ons sal sien dit is deel van God se groot plan.

In vers 13-20 wys Paulus dat Israel (en die mens wat steeds onder die *Tora* lewe), die *doods-lewe* van Adam lewe!

Met die gebruik van "ek" identifiseer Paulus homself met hierdie Israel. Hy skryf van homself as 'n verteenwoordiger van hierdie Israel.

Dit is baie duidelik hoe hierdie lewe lyk. Sonde word nie beleef as dood nie, daar is geen oorwinning nie, die taal van slawerny word gebruik!

Gaan lees dit weer.

'n Lewe onder die Ou Bedeling, onder die wet, lyk so! Onthou dit.

Dit bring ons by hoofstuk 8.

In vers 1-2 sluit Paulus aan by dit wat Hy in hoofstuk 7:4 tot 6 gesê het. Hierdie persoon leef nie meer onder die veroordeling wat die wet bring nie. Anders gestel, iemand in die posisie van Romeine 7:7-20, sal nooit kan sê "daar is nou geen veroordeling meer nie!"

Wat het gebeur? In vers 2 verwys Paulus na die wet van die Gees. As ons onthou dat wet verwys na die hele ou bedeling, kan ons sê dat die *nuwe bedeling van die Gees* my vry maak!

Jy sal oplet die woord "Gees" is oral in hierdie hoofstuk!

Maar hoe het hierde nuwe bedeling van vryheid deur die Gees 'n werklikheid geword, gebeur?



Vers 3 beskryf die wonderlike gebeure. God het iets gedoen wat die wet nie kon doen nie. Wat was dit? Die wet (ou bedeling) kon nooit met sonde handel en klaarspeel nie. Dit is wat God deur Jesus gedoen het. Wat die wet gedoen het in God se plan is as't ware om sonde duidelik te maak, uit te wys en Jesus gaan onder daardie sonde in, dra dit, en ontvang die regverdige straf vir daardie sonde. Daardie verbondsverbeking. Hy speel klaar met dit.

Vers 4 se gedagte is waarskynlik dit: Die wet het "lewe" beloof, maar kon dit nooit werklik gee nie, as gevolg van die sonde probleem. Daardie *lewe* is nou moontlik deur wat Jesus gedoen het en deur die Gees in ons.

Let op die woorde "lewe" en "vrede" aan die einde van vers 6!

Baie belangrik: Ons sien hier dat 'n kind van God die Gees *het*. As jy nie die Gees het nie, is jy nie 'n kind van God nie, Vers 11 is belangrik: As die Gees van Jesus in ons woon is dit die bewys dat ook ons sterflike liggame nuutgemaak gaan word.

Omdat dit waar is het ons die verpligting om sonde deur die Gees dood te maak. Dit waaroor ons reeds gepraat het in hoofstuk 6.

En dít is hoe die Gees ons lei (vers 14).

Die verwysing na *slawerny* is gebruik om die Jode te laat dink aan Israel in Egipte en die verwagting van die beloofde land. Ons as *gelowiges* is nou erfgename, wat alles erf. Nie net die

land Kanaän nie, maar 'n nuwe skepping. Dit word beskryf in vers 18 - 25. Die hele skepping staan as't ware op sy tone en wag vir die heerlike dag wat kom. Hoekom? Nuwe mense beteken 'n nuwe skepping en nuwe mense sal nie 'n nuwe skepping weer kan bederf nie!

Voor hierdie nuwe skepping kom is daar egter nou nog **lyding en swaarky** in hierdie wêreld..

Kyk na die verwysing na lyding in vers 17.

En dit is binne hierdie konteks dat die Heilige Gees ons verseker van ons **kindskap** (vers 15). 'n Mens dink onmiddellik aan Jesus wat in Sy uur van smart gebid het "Abba Vader!"

Die Gees help ons ook bid in tye waar dit só sleg gaan dat ons nie woorde kan uitspreek nie. Hy sug nie, óns sug en Hy verander dit in 'n gebed volgens die wil van die Vader!

Ons almal ken die wonderlike belofte in vers 28! Dit beteken natuurlik nie dat alles in ons lewens goed uitwerk nie. Nee, alles ja alles (selfs sonde) word ingeskakel in ons lewens om ons te verander na die beeld van Jesus Christus. Die Een wat binne swaarkry opofferende uitreikende liefde openbaar het! Waarom kan dit gebeur en is dit so seker? Omrede die wat Hy geroep het klaar verheerlik is. Let op die verlede tyd. As Hy jou geroep het deur die evangelie is jou uiteindelijke verheerliking verseker!

Vers 31 -39 is 'n wonderlike lied wat jy maar gerus uit jou kop kan leer. Dit wys dat God, soos Abraham, Sy eie geliefde Seun oorgewer het, maar anders as Abraham nie gespaar het nie. Vir ons! Vir jou! Hoe kan enige iets of iemand ons dan veroordeel en hoe kan ons twyfel aan Sy liefde selfs al loop alles verkeerd? Ja, moenie dat die duiwel jou aankla nie!

## ***h Opsommende opmerkings:***

Alhoewel hierdie hoofstukke onderverdeel en apart geanaliseer is, is dit belangrik om hulle samehang te sien. So byvoorbeeld word die temas van hoop, heerlikheid en liefde (God se liefde vir ons) in 5:1-5 en 8:26-39 gevind. Die werk van die Gees en die bemiddeling van Christus is beide sentraal in hierdie gedeelte.

Daarom is dit miskien reg om 5:12 -21 as sleutel tot hierdie 4 hoofstukke te sien.

Hierdie hoofstukke stel voor ons twee groot "tydperke"; die van Adam en die van Christus, die laaste Adam.

Adam se "tydperk" (die huidige era) word gekenmerk deur:

toorn  
sonde  
dood  
die wet

Christus se "tydperk" (die era wat kom) word gekenmerk deur

Vrede (versoening met God)

Geregtigheid

Ewige lewe

Die Gees

Die Christen lewe in die "laaste dae" - die oorvleueling van die "tydperke". Hy geniet die "eersteling" (lett. Eerste vrugte) van die komende era, *maar ervaar steeds die "sugtinge" van hierdie era* (sien 8:18-25; ook 7:14-25)

Hy is bevry van *toorn* (hfst. 5) *sonde* (hfst. 6) en *dood* (hfst. 8) Hy is oorgebring vanaf die sfeer van die *wet* na die sfeer van *genade* (hfst. 7; sien ook 1Kor 15:56; Heb 12:18-24) Hy het nou God se Gees in hom en God se wet in sy hart. (Vgl. Jer 31:31; Eseg 36:22)

### MAAR

Hy moet *steeds die sonde doodmaak* (6:12; 8:13), hy moet *steeds lyding deurgaen* (5:3;8:18), *steeds 'n fisiese dood sterf*. Hierdie dinge skud aan sy vertroue, maar hy moet onthou dat God se doelwitte en beloftes hom veilig sal bewaar tot die einde.

# HOOFSTUK 6

## Die evangelie en die geheimenis 9:1-11:36

---

Hierdie moeilike gedeelte word dikwels verwaarloos en soms weer “oor-beklemtoon” Ons moet probeer om beide slaggate te vermy.

Dit gaan hier oor twee groot sake:

1. God se getrouheid aan Sy woord van belofte en die krag van daardie woord (veral dan in die lig van 1:16 en 8:26 -39).
2. Die misterie/geheimenis, naamlik dat die heidene as mede erfgename van die uitverkore Israel, deel in hierdie groot en kosbare beloftes. En weereens dat God in Sy groter plan juis Israel gebruik om die wêreld te red. Net soos Hy die wetsbedeling gebruik het!

Kom ons maak 'n paar kort opmerkings oor Romeine 9-11

- Eerstens moet hierdie gedeelte as 'n eenheid behandel word. Moet nooit hoofstuk 9 los van hoofstuk 9 of 10 behandel nie, en andersom.
- Die saak op tafel is verder meer nie enige individu se verkiesing tot ewige saligheid of sy “gelos word” vir

ewige verdoeming, of meer nog sy “verwerping” vir ewige verdoeming nie

- Die groot vraag is: “As God so genadig is en so groot verlossing bewerk het, wat van die Jode? Het God se beloftes aan hulle verval?” (vers 4).
- Hoe antwoord Paulus?
- Hy wys daar was *nog altyd twee groepe* binne Israel. Soos Jakob en Esau (6-14).
- Beteken dit onreg by God? (vers 14). Nee, hy wys God is soewerein en het die volste reg om een te kies en die ander een nie. Hy is *barmhartig* en ontferm Hom oor wie Hy wil (vers 15).
- Paulus gebruik die voorbeeld van Faraos: Faraos het God verwerp – God gebruik hom om Sy naam op aarde te verkondig.
- Kyk na vers 19. Paulus hanteer die vraag wat gevra kan word: “Waarom verwyrt Hy dan mense – Hy maak tog soos Hy wil.” Paulus antwoord: “Hy kan, want Hy is soos ‘n Pottebakker.”
- Hy maak twee groepe: Een tot “eer” en een tot “oneer”. Hy maak voorwerpe van toorn wat Hy verdra, juis om sy rykdom van Sy heerlikheid bekend te maak in tweede groep – die voorwerpe van barmhartigheid (vers 22-23).
- Let op: Niks word hier genoem van een groep wat vir die hel bestem is en een groep wat die hemel bestem is nie.

- Paulus verwys na die Ou Testament se lering oor 'n oorblyfsel. Dit is die tweede groep waarna hy verwys het. Vanaf vers 27 praat hy hieroor.
- Vanaf 9:30 verwys Paulus na die eerste groep, die voorwerpe van oneer wat vryspraak, geregtigheid op 'n verkeerde manier naamlik deur wetsonderhouding gesoek het (9:32).
- In die res van hoofstuk 10 wys Paulus dat die manier om verlos te word geloof in Jesus is.
- In hoofstuk 11 vanaf vers 7 kry ons weer twee groepe. Israel en die uitverkorenes.
- Gaan lees nou hoofstuk 11:11 tot die einde.
- Wat sien ons? Israel se historiese "val", die feit dat hulle nie die evangelie aangeneem het nie, het nie beteken dat God hulle verwerp het nie. Nee, omrede hulle vir 'n tyd verhard is, geval het, kon die evangelie na die heidene gaan. Dit is presies hoe dit histories gebeur het. So God gebruik hulle val om die heidene te red. Paulus gebruik dan die beeld van die olyfboom. Die olyfboom is natuurlik Israel. Hierdie boom se natuurlike takke is afgebreek (die historiese ongeloof van Israel) maar ander wilde takke (die heidene) is ingeplant in hierdie boom, Israel (God se volk). Paulus wys egter dat God weer die natuurlike takke kan terug plant, as hulle glo, en die nuwe takke wat ingeplant is kan afbreek indien hulle nie glo nie.

Paulus wys daar is 'n proses wat in die geskiedenis plaasvind. Takke word afgebreek (Jode) omrede hulle nie glo nie, sodat wilde takke (heidene) ingeplant kan word. As die heidene ingeplant word, word die Jode as't ware jaloers en dan glo hulle en word hulle ook weer terug geplant.

Vers 25 is belangrik. In die Grieks is hier nie 'n verwysing na die "koninkryk" nie. Daar staan net "totdat almal ingegaan het". Waarin? Wel, die beeld is steeds die van die olyfboom. Totdat almal in die olyfboom ingegaan het. Die olyfboom is God se Israel, wat nou bestaan uit Jode en heidene.

Paulus eindig daarom met 'n lied (11:33-36) waarin Hy God se ongelooflike wysheid en werking besing. God se beloftes aan Israel het dus nie verval nie! Nee, Hy gebruik hulle steeds as ongelooflike instrument op paradoksale wyse en hou Sy beloftes!

*Soewereiniteit* (hfst 9) *verantwoordelikheid* (hfst 10) en *barmhartigheid* (deurlopend) is die sleutel idees.

Miskien kan 11:32 as sleutel geneem word !?



# HOOFSTUK 7

## Om te lewe as God se *een* nuwe volk: 12:1-15:13

---

Soos reeds in hoofstuk 1 genoem gaan ons nie baie tyd spandeer aan hoofstuk 12 tot 15 nie. Dit beteken nie dat dit minder belangrik is nie!

Ek gaan jou net help om te sien hoe hierdie hoofstukke inpas in die ontwerp en vloei van die brief.

'n Sleutel frase wat ons in hoofstuk 12:2 kry is “...die vernuwing van julle denke”. Dit is die gevolg van die kragtige evangelie van genade. Dit moet 'n inpak hê op die hele lewe. Dit is ware aanbidding volgens die wil van God. Hoofstuk 12:1-3 is die vertrekpunt vir die hele hoofstuk 12 tot 15. Die gedeelte kan miskien as volg verdeel word:

Die nuwe denke en die gawes (12:3-13)

Die nuwe denke en die wêreld (12:14-21)

Die nuwe denke en die staat (13:1-7)

Die etiek van 'n mens met 'n nuwe denke (13:8-14)

Die nuwe denke en die universele kerk (14:1-15:13)

Indien 'n mens verder nadink oor wat jy omvattend gesien hier kry, kan jy sê dat die hele hoofstuk 12 tot 15 meer fokus op

die *interne eenheid* van die *nuwe gemeenskap*, die kerk. Die Christene se denke moet dus in die lig van die groot werk van Jesus, veral hieroor nuut word.

In die eerste 11 hoofstukke was die fokus meer op die *boodskap* van die kerk. Die evangelie, en as jy wil, *die sending van die kerk*, naamlik om hierdie evangelie te verkondig.

Nadat Paulus met ander woorde die plan (verbonds plan) van die Skepper God uiteen gesit het en gewys het dat die Romeinse kerk, wat grootliks uit heiden Christene bestaan het, ook op hierdie kaart pas, gaan hy nou verder.

Hy kan nou beide algemene en spesifieke instruksies aan die kerk gee. Die algemene berei die weg voor vir die spesifieke.

So byvoorbeeld vloei die oproep tot eenheid in diversiteit in hoofstuk 12:5 e.v. natuurlik uit die oproep om jou "liggaam" aan God te gee as offer.

Die algemene oproep tot eenheid in diversiteit berei natuurlik weer die weg voor vir die meer direkte oproep in hoofstuk 14:1-15:13, waar Paulus pleit om wedersydse verdraagsaamheid tussen die wat verskille het oor sake wat nie tot die kern van die evangelie behoort nie.

Op dieselfde wyse maak die kontroversiële hoofstuk 13:1-7 net sin as jy dit lees teen die algemene agtergrond van die situasie in Rome.

Jode is kort van tevore uit Rome gedryf as gevolg van opstande. Die laaste ding wat die *kerk* kon bekostig is om ook van dieselfde optrede beskuldig te word. Rome het van 'n kultus verwag om anti-sosiaal op te tree. Dit is hoe die kerk gesien is. Die kerk moes dus waak teen enige sulke "heidense" gedrag. Geen sulke gedrag mag die kerk geïnfiltreer het nie. Hulle moes lewe as mense van die dag selfs al was die nag vir 'n oomblik steeds donker (13:8-14).

In hierdie konteks maak 14:1-15:13 sy eie duidelike punt. As die opstande, waarna iemand soos Suetonius verwys, inderdaad die resultaat was van probleme binne die Joodse gemeenskap wat veroorsaak is deur sommige sinagoges en/of individue wat Christene geword het, en/of deur Christen Jode wat van elders gekom het na Rome en en besig geraak het met evangelisasie binne die Joodse gemeenskap. As dít die probleem was, was dit vir die kerk belangrik om in vrede met mekaar te leef te midde van die spanninge wat natuurlik sou ontstaan tussen Joodse en heidense Christene.

Paulus verwys natuurlik eksplisiet *nie* na "Joodse Christene" en "Heidense Christene" nie. Hy praat van "sterk" en "swak" broers (Vgl. 1 Kor. 8). Beide van hierdie kategorieë het natuurlik heidense en Joodse Christene ingesluit.

Paulus weier dus om 'n potensiële skeuring te bekragtig deur verkillende groeperinge binne die kerk aan te spreek in terme van hulle etniese oorspronge. Nee, hy hanteer die saak asof dit bloot 'n aangeleentheid van private keuses is.

Jy sien Paulus doen alles in sy vermoë om te verhoed dat die kerk deur hulle optrede 'n streep trek deur die groot werk van die Skepper God. Die groot plan, soos uitgevoer deur Jesus Christus. 'n Nuwe skepping, 'n nuwe eenheid. 'n Nuwe verbondsgemeenskap. Hulle denke moes nuut word oor die implikasies van dit wat Jesus kom doen het!

En ek en jy, ons as gemeentes, moet begin nuut dink oor die implikasies van die groot werk wat God in Jesus kom doen het.

# HOOFSTUK 8

## Konklusie: Die tema weer gestel: 15:14-16:27

---

Die doksologie (16:25-27) is die opsommende vers van hierdie gedeelte en die hele brief. Dit bevat die sleutel temas van Paulus se doel en oogmerke. Sy doel in die brief is om hulle te versterk sodat hulle sy medewerkers kan word om "geloofsgehoorsaamheid" onder die heidene te bewerk.

Die versterking vind plaas:

- *Volgens die evangelie;*
- *Volgens die prediking van Christus;*
- *Volgens die geheimenis/misterie,*
- *Volgens die bevel van die ewige God.*

Hierdie frases is bloot sinonieme vir die evangelie wat hy uiteengesit het in sy brief, in ooreenstemming met sy God gegewe gawe en bediening.

Dit is die evangelie van die genade van God, wat inderdaad God se krag is om die wêreld te red!

***Soli deo gloria!***

